UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# TRANSFORMASIE AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Volgens die *Visie* van die Universiteit Stellenbosch is hierdie instelling ***inklusief***, ***innoverend*** en ***toekomsgerig.*** Haar rigtinggewende waardes is ***uitnemendheid***, ***mede-verantwoordelikheid***, ***empatie***, ***innovasie*** en ***diensbare leierskap***. Die Universiteit is dus verbind tot ***'n verwelkomende kultuur*** vir alle studente, met 'n benadering wat getuig van ***vriendelikheid***, ***gasvryheid*** en ***menswaardigheid***.

In aansluiting by die Suid-Afrikaanse Grondwet en Handves vir Regte sal die Universiteit Stellenbosch geen vorm van menseregteskendings, rasse-, geslags- of enige ander vorm van diskriminasie, of aantasting van enige persoon se menswaardigheid, verdra nie. Die Universiteit bevorder doelgerig gesonde, positiewe menseverhoudinge op alle vlakke en terreine. Dit word gedoen deur opleiding, gespreksvoering, beleidsmaatreëls, gelyke beregtiging vir almal en 'n verwelkomende etos aan die Universiteit. Dit behels 'n voortdurende transformasieproses oor 'n breë front.

Die diversiteit van studente en personeel is 'n waardevolle bate van die Universiteit en gee die grondslag waarop gesonde menseverhoudinge en positiewe, opbouende naasbestaan gebou word. In die besonder skep dit die vrugbare omgewing waarin studente kan ontwikkel om in enige diverse konteks optimaal te funksioneer en floreer.

Die universiteitsbestuur verwelkom die studentegemeenskap (veral ook die studenteleierskap uit verskeie studente-organisasies) se inisiatiewe om die bewustheid van menseregte te verhoog, sodat die kwessies van vergrype bespreek kan word en verdere konstruktiewe transformasie-aksies van stapel gestuur kan word. Aan die US is die transformasieproses, benewens die waardes en uitgangspunte, ook 'n praktiese aangeleentheid wat doelgerig bestuur word. Die universiteitsbestuur deel die studenteleierskap se begeerte dat meer studente en personeel betrokke raak by die bevordering van menswaardigheid en die volgehoue ontwikkeling van 'n verwelkomende kultuur. Die universiteitsbestuur sal daarom die gesprek met studente-organisasies kollektief voortsit en saam projekte aanpak wat inklusiwiteit aan die Universiteit Stellenbosch bevorder.

A Schoonwinkel

**Prof Arnold Schoonwinkel**
**Viserektor (Leer en Onderrig)**

Maart 2015

Navrae / Enquiries: Tel: (021) 808 4490 | Faks / Fax: (021) 808 3714

**KANTOOR VAN DIE WAARNEMENDE REKTOR & VISEKANSELIER | OFFICE OF THE ACTING RECTOR & VICE-CHANCELLOR**

Privaatsak / Private Bag X1 • Matieland, 7602 • Suid-Afrika / South Africa